# NOTULES

VERGADERING RAKENDE DIE VOORGESTELDE KUDU INTEGRASIE PROJEK, TE GARIES GEMEENSKAPSENTRUM, OP 9 FEBRUARIE 2007



| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **TEENWOORDIG** | |
| | G. Engelbecht (GE) | Garies Boerevereniging |
| | J. du Toit (JdT) | Garies Grondeienaar |
| | C.A. du Toit (CdT) | Brandhoek Uitlegsvlei (Plaas) |
| | Paulus van Reenen (PvR) | Kommagas Advieskantoor |
| | Samuel Cloete (SC) | Kommagas Advieskantoor |
| | Stoffel Mostert (SM) | Modderkraal (Erdvark) |
| | Sarel du Toit (SdT) | Modderkraal |
| | E. Cloete (EC) | CapeNature |
| | Kobus Kritzinger (KK) | CapeNature |
| | Derick Maardson (DM) | ANLJL |
| | Theo Schutte (TS) | Boer |
| | Elana Coetzee(EC) | Grondeienaar |
| | Frederik Coetzee (FC) | Grondeienaar |
| | Braam Nieuwoudt (BN) | Boer |
| | Dirk van Zyl (DvZ) | |
| | Kolie Mostert (KM) | Garies Boerevereniging |
| | Nettie Rossouw (JGJR) | Garies Grondeienaar |
| | Helmut Kohrs (HK) | Kamieskroon Hotel |
| | Annelise le Roux (AlR) | Sukkulente Karoo Kennissentrum |
| | Pieter Benade (PB) | Vesbé Karavaan Park |
| | Verencia Benade (VB) | Vesbé Karavaan Park |
| | Bernard van Lente (BvL) | SANParke |
| | Reuben Heydenrych (RH) | SEF (Projekbestuurder) |
| | Jaqueta Keet(JK) | SEF (Publieke deelname) |
| **2.** | **VERWELKOMING**<br>Die vergadering het om 10h15 begin.<br>Reuben Heydenrych (RH) het almal by die vergadering verwelkom. | |

| | | |
|---|---|---|
| **3.** | **INLEIDING TOT DIE VERGADERING**<br>RH het gesê dat die doel van die vergadering was om na almal te luister en om uit te vind wat hulle gevoel is oor die projek. RH het die agtergrondinligting oor die voorgestelde Kudu Integrasie projek geskets. Dit behels die bou van 'n 400kV kraglyn oor 'n afstand van ongeveer 400km van Eskom se bestaande Oranjemond Substasie naby Alexanderbaai tot by die Juno substasie naby Vredendal, via die Gromis substasie naby Kleeinzee. Daar sal klein opgraderings aan die substasies wees, maar dit sal binne die bestaande grense van die substasies val. Die kraglyn sal waarskynlik binne die volgende twee jaar gebou word, afhangend van hoe lank die omgewingsgoedkeuring en die onderhandelings met grondeienaars neem.<br>RH het ook die doel van die projek verduidelik. Die doel is hoofsaaklik om krag aan die Weskaap te voorsien weens die huidige tekort en voorspelde tekort aan krag in die toekoms. | |
| **4.** | **VRAAG** | **ANTWOORD** |
| **4.1** | Helmut Kohrs (HK) het gevra oor die bestaande lyne. HK het ook gevra of die krag van Grootmis na Springbok toe gaan vloei. | RH het 'n verduideliking van die bestaande lyn gegee. RH het verduidelik dat die krag vanaf Springbok sal vloei, parallel aan die bestaande servituut. RH het veduidelik dat die reguit lyn alternatief minder veranderings in rigting sal hê en dat dit ook meer goedkoper sal wees as 'n opsie met baie rigtingveranderings.<br>RH het ook verduidelik dat die N7 alternatief 'n tegnies moeilike lyn sal wees met baie groot visuele impakte in die bergagtige gedeeltes. Die probleem met opsies deur die Knersvlakte is dat dit moeilik is om te rehabiliteer en botanies baie sensitief is. Die verkose |

| | | |
|---|---|---|
| | | alternatief moet 'n 2km korridor hê wat 'n voorvereiste van die Rekord van Besluitneming sal wees as dit goedgekuur is. Na goedkeuring sal spesialiste weer uitgaan om die presiese roete uit te merk wat binne die 2km strook sal moet val. Die lyn sal uitgemerk word in oorleg met die grond eienaars, aangesien grondeienaars hul eiendomme ken en weet waar sensitiewe gebiede is. |
| **4.2** | Mnr Du Toit het gevra watter lyn gekies is. Bernard van Lente (BvL) het gevra of die 2km strook verander kan word of is dit al klaar besluit.<br>BvL het ook aangedui dat die kaart verkeerd was en dat die park verkeerd aangedui is. | RH het aangedui dat hy bewus is van die uitbreiding van die park aan die ooste kant en aan die westekant na die see. Op hierdie stadium word 'n roete voogestel wat deur die park loop, maar geen finale besluit is al geneem nie. Daar is voorgestel in die konsep omgewingsimpakstudie dat Eskom SANParke moet kompenseer vir 'n roete deur die park deur bv. 'n ekwivalente stuk grond aan te koop en aan Sanparke te skenk. 'n Oplossing wat albei partye gelukkig sal stel moet gevind word. |
| **4.3** | BvL het gese dat SANParke se eerste keuse nog altyd was dat die kraglyndie nasionale park in totaliteit mis. Die enigste alternatief wat oorweeg kan word is die roete teen die Hondeklip baai pad, maar dit was nog nooit ons eerste keuse soos aangedui op die kaart. | SEF neem kennis daarvan dat Sanparke verkies dat die kraglyn die park misloop. |
| **4.4** | Elna Coetzee (EC) het gesê dat sy nie komm,entaar kan lewer nie as sy nie weet wat die alternatiewe is nie. | RH het aan die hand van 'n kaart verduidelik waar al die alternatiewe loop:<br>Die volgende alternatiewe is bespreek: die reguit lyn (Alternatiefe A en F), CapeNature se voorgestelde alternatiewe (B & C), die N7 alternatief (C) en die binnelandse alternatief deur Boesmanland. Alternatief G wat buite die park loop deur die Kamiesberge is ook verduidelik. |
| **4.4** | BVL het gevra van die Boemansland roete. BVL het sy misnoeë uitgespreek en het genoem dat die oostelike roete deur die park totaal onaanvaarbaar is aangesien dit een van die park se hoof | RH het gesê dat die Boesmanland roete nie op die kaart is nie aangesien dit op 'n vroeë stadium as onprakties beskou is.<br><br>HK het gesê dat hierdie opsie die enigste opsie |

| | | |
|---|---|---|
| | toeristeareas sal wees en vir 'n baie lang stuk deur die park gaan. Die voorgestelde reguit lyn sal deur die Riethuis kwartsarea loop – dit kan glad nie toegelaat word nie. BvL het ook gevra van die roete langs die kus. | is. As hierdie opsie nie finansieel haalbaar is nie, dan moet die lyn nie gebou word nie. Daar moet dan na ander alternatiewe gekyk word.<br><br>RH het ook aangedui dat CapeNature nie gelukkig is met hierdie alternatief nie. |
| **4.5** | Annelise le Rouw (AIR) het gevra oor die laaste roete wat voorgestel was deur SANParke (Alternatief B) en wou weet of SEF gelukkig is met hierdie roete. Sy wou ook weet of die kraglyn reguit deur die kwarts areas gaan loop of op beide kante van die kwarts areas. | RH het gesê dat dit 'n bewaringsgebied is en dat hy bewus is van die kwarts gebiede, aangesien hulle in die botaniese studie geïdentifiseer is. Die botaniese spesialis het aangedui dat dit moontlik is om die kwartsareas te vermy. |
| **4.6** | HK het gesê as daar 'n bestaande servituut is - hoekom kan daar nie 'n uitbruiding van die bestaande servituut wees nie. | RH het verduidelik dat dit nie in die selfde rigting is waarin die lyn moet loop nie en deur die botanies sensitiewe Knersvlakte loop. |
| **4.7** | EC wou weet wat die impak op die boere sal wees en of dit 'n impak op die veë sal hê. | RH het verduidelik dat die konstruksiefase mag impakte hê weens die risiko van hekke wat op plase oopgelos kan word deur Eskom of hule kontrakteurs. SEF is bewus dat die toegang deur vreemdelinge vir boere 'n sensitiewe saak is, en toegansreelings moet dus met die nodige omsigtigheid gereel word. Hierdie impakte moet aangespreek word in 'n Omgewingsbestuursplan (OBP) in konsultasie tussen die boere en die konstruksiespan. |
| **4.8** | HK het gevra oor die inspeksie roete lands die kraglyn en of plantegroei verwyder sal moet word | RH het gesê dat Eskom nie 'n pad wil skraap nie, en dat hulle slegs op tweespoorpaadjies deur die veld sal ry, en van bestaande paaie gebruik sal maak, waar moontlik. RH het gesê dat dit soms nodig is om bome onder die graglyn te verwyder, maar dat dit nie altyd nodig is nie en op meriete oorweeg moet word. |
| **4.9** | Daar was ook gevra wat sal gebeur as 'n plaasopstal in die pad van die kraglyn is. | RH het gesê dat daar nie geboue onder die kraglyn mag wees nie, dus sal die kraglyn eerder om die geboue gevat moet word. |
| **4.10** | Theo Schutte (TS) het gevra oor die impak van elektromagnetiese velde en radio frekwensie steurings. | RH het gesê dat hy bewus is dat sekere belanghebbendes daaroor gevra het, en dat verslae daaroor aan hierdie persone wat dit aangevra het, gestuur sal word. |

| | | |
|---|---|---|
| **4.11** | J. du Toit (JdT) het gese dat hy geen kraglyne op sy plaas gaan toelaat vir die redes wat hy reeds skriftelik in sy beswaar aangedui het, maar dat hy dit vir die doeleindes van die vergadering weer wil herhaal vir die groep: (1) skade aan die omgewing, (2) verlaging van toerisme-potensiaal, (3) verlies aan privaatheid en toegangsbeheer. Hy wag op die wetenskaplike verslag oor die invloed van die elektromagnetiese uitstraling op die omgewing. Hy het gese dat hy simpatie het met die mense in die Kaap, maar dat hy nie bereid is om sy plaas vir hulle op te offer nie. | Genotuleer |
| **4.12** | TS sê daar is nie 'n voordeel vir die boere nie. | Genotuleer |
| **4.13** | JdT het gesê dat as hy verplig gaan word om 'n kraglyn oor sy plaas te laat loop, hy kompensasie daarvoor wil hê en dat die kompensasie moet wees dat hulle hom gratis van krag moet voorsien solank as wat die lyn oor sy grond loop. | RH het gesê hy daarvan bewus is dat die mense oor wie se grond die lyn sal loop nie noodwendig gaan krag kry nie en dat hy simpatie het daarvoor. Al die voordele gaan in die Kaap wees en daar is weinig voordele vir die boere.<br>RH het gesê Eskom kan materiale vir die bou van 'n kraglyn vir die grondeienaars beskikbaar stel vir die boer se eie rekening. In so 'n geval kan boere self 'n kraglyn bou. JdT het gese dat hy stel nie daarin belang nie. |
| **4.14** | JdT het die groep versoek om saam te staan sodat die voorwaarde dat boere moet betaal vir krag, afgeskaf word, aangesien dit die enigste manier is om vir almal voordeel te trek. Andersins gaan net enkele individue daaruit voordeel trek. Daar was saamstemming en bespreking daaroor in die groep, een persoon (TS) het aangedui dat hy slegs aansluitingsfooie wil betaal. JdJ het gese dat hy nie eers vir die koppeling will betaal nie. | Genotuleer. |

| | | |
|---|---|---|
| **4.15** | Nettie Rossouw (JGJR) het gesê dat sy gefrustreerd voel omdat sy nie kag kan kry nie en dat almal dieselfde voel. | Genotuleer. |
| **4.16** | Paulus van Reenen (PvR) het gepraat oor werkloosheid. Hy het ook gevra of die Kudu kraglyn die kernkrag stasie vervang.<br>BvL is van mening dat die kraglyn werkskepping sal verminder, aangesien die lyn toerisme nadelig sal beïnvloed en SANParke ook nie toerisme-infrastruktuur soos paaie en kampe sal bou waar `n kraglyn loop nie. SANParke het voorlopig klaar geld vir hierdie investering. PvR se gemeenskap (Kommagas) sal die meeste geraak word, aangesien dit is waar die lyn die naaste verbyloop en SANParke sal eerder dan elders investeer en arbeid werf. | RH het gesê dat mense nie onder die verkeerde indruk moet wees dat die kraglyn werk gaan skep vir plaaslike mense nie, aangesien die konstruksie hoogs gespesialiseerde dienste benodig. Daar mag moontlik beperkte werk wees vir heining-kontrakteurs om heinings en hekke te skuif.<br>Wat die kernkagstasie betref het RH gesê dat hy nie bewus is van die planne daarvoor nie en slegs m.b.t. die kraglyn kan praat. |
| **4.17** | Dit is gevra dat die beoogde roete op die kart gewys word. | RH het die roete aan almal gewys. |
| **4.18** | Dit is ook gesê dat as die 2km strook geïmplementeer word sal die plaas tot niet gaan. | RH het gesê dat die servituut ongeveer 50m wyd sal wees, dus sal dit nie noodwendig plase heeltemaal vernietig nie. Die 2km strook is slegs `n strook vir beplanningsdoeleindes waarbinne die uiteindelike 50m serwituut geplaas sal word. |
| **4.19** | Dit is ook voorgestel dat Eskom / SEF nou met die grondeienaars moet onderhandel oor die presiese posisie van die lyn. | RH het gesê dat die projek in die omgewingsimpakstudie fase is en dat onderhandling nie nou al kan plaas vind nie. Sodra ‘n Rekord van Besluitneming uitgereik is, kan Eskom met eienaars begin onderhandel. Dit sou egter die proses vooruitloop indien hulle begin onderhandel oor presiese posisie van die kraglyn voordat ‘n besluit geneem is of die lyn wel gebou mag word. |
| **4.20** | RH het gevra wat die situasie met die Park Raad is. | Bernard van Lente (BvL) het gesê dat sy eerste keuse sal wees die lyn die park mis maar dat hy sal dit oorweeg as daar geen ander alterntiewe is nie. |
| **4.21** | EC het gesê dat sy nie saam stem dat | RH get geantwoord deur te sê dat dit nog tot ‘n |

| | | |
|---|---|---|
| | rehabilitasie op die Sandveld makliker is as op die Knersvlakte nie. Sy het gesê dat erosie in die Sandveld 'n groter problem is. In die Knersvlakte kan klip gegooi word. | mate moontlik is om plantegroei in sand te hervestig, maar die in die klipperige Knersvlakte nie.<br>Verdere kommentare is ook gemaak dat plantegroei in die sand ook moeilik hervestig. |
| **4.22** | Braam Niewoudt (BN) het gevra wat op die bewaringsgebiede bevaar word.<br><br>BN het gesê dat die boere ook hul grond bewaar en dat dit nie te sê is dat slegs amptelike bewaringsgebiede sensitief is nie. | RH het gesê dat CapeNature in die proses is om die Knersvlakte bewaringsgebied te stig (posisie aangedui op die kaart) in die suide van die studiegebied, hoofskaaklik vir bewaring van skaars sukkulente. Die lyn behoort egter nie hierdie area te kruis nie. Wat die Namakwa Nasionale Park betref, het hy gesê dat dit Namakwalandse blomme bewaar.<br>RH het ook gesê dat dit uiters moeilik is om te besluit waar om die lyn te sit, weens die baie sensitiewe gebiede in die studiegebied. Die roete wat verkies word sal die een wees met die minste impakte, maar daar is nie 'n enkele roete wat alle impakte vermy nie. Die Department Omgewingsake en Toerisme sal die besluit moet maak. |
| **4.23** | JGJR het gevra dat die plek waar die lyn loop genoem moet word. | |
| **4.24** | EC wou weet of sy enige sê het as die kraglyn oor haar plaas loop. Die boere kan al die sensitiewe plekke uitwys.<br><br>EC wou ook weet of die boere enige sê het as die kraglyn goedgekeur is (met verwysing na die mynbou goedkeuringsproses). Die impakstudie kan nie agterna gedoen word nie.<br>EC se dat die boere geen sê het nie. Hulle word gestuur van een department na die ander - soos met die myn proses. EC het gesê dat Eskom sal doen net wat hulle will wanneer die goedkeuring uitgereik is. | RH het gesê dat in die volgende fase sal die spesialiste die roete saam met Eskom en die boere loop en dat boere dan kan aandui waar die lyn onwenslik is. Na die besluit uitgereik is en as dit goedgekeur is kan die projek nie voortgaan todat die presiese roete, in konsultasie met die spesialiste wat die roete gaan loop en die grongeienaars, bepaal is nie.<br>RH het gesê dat hierdie proses verskil van die mynbou proses.<br><br>RH het geantwoord dat SEF nie aan Eskom kan voorskryf nie. SEF is egter verantwoodelik om aanbevelings te maak wat in die finale besluit geïnkorpereer sal word, en daar moet aan die aanbevelings voldoen word nadat die Rekord van Besluitneming (RvB) uitgereik is. |

| | | |
|---|---|---|
| | EC wou geweet het of sy 'n kopie van die besluit kan kry. | Hy het ook gesê dat SEF 'n Omgewingsbestuursplan (OBP) sal voorsien, waaraan alle konstruksieaktiwiteit moet voldoen, en dat die OBP ge-oudit sal word deur 'n onafhanklike "Environmental Control Officer" (ECO).<br>RH het gesê dat alle gerigstreerde belanghebbendes geregtig is om 'n kopie van die RvB te kry. |
| **4.25** | Samuel Cloete (SC) sê dat die regering moet kyk na wat die behoeftes is en dat die kraglyn moet gebou word. Dit is 'n neem en gee situasie. Daar is altyd 'n oplossing vir grondsake. Dit sal gepas wees met werkloosheid. | RH het gesê dat werkloosheid 'n groot bekommernis is omdat die kraglyn nie baie werksgeleenthede sal skep nie. Die enigste werk vir die plaaslike gemeeskap sal wees om drade en nuwe hekke op te sit. |
| **4.26** | BvL het gevra of SANParke en Eskom 'n aparte vergadering kan hou om die kraglyn en sy roete te bespreek, en onder andere wat Eskom bedoel met vergoeding. | RH het gesê dat Eskom is bereid om met Sanparke in gesprek te tree. |
| **4.27** | HK het gesê dat die eerste alternatief nie op die kart gewys is nie. Die hele area word beskou as `n bewaringsgebied en dat die hele bewaringsgebied uitgesluit moet word. | Genotuleer. |
| **4.28**<br><br>**4.29** | Dit is ook gesê dat daar geen doel is om die lyn deur die plase te bou nie. Daar is geen voordeel vir enige een.<br>Mev Du Toit was bekommerd oor haar grond wat slegs 2km breed is. | Genotuleer.<br><br>RH het gesê dat in so 'n geval 'n uitsondering gemaak sal moet word en dat dit oorweeg moet word om die korridor wat goedgekeur word breër te maak om voorsiening te maak vir sulke klein eiendomme. |
| **4.31** | Die kwessie van onteiening is bespreek. | RH het gesê dat Eskom die reg het om eiendom te onteien, maar dat dit as `n absolute laaste opsie gebruik word indien daar nie tussen Eskom en die grondeienaar tot `n vergelyk gekom kan word nie. As daar onteiening moet plaasvind, word `n onafhanklike valueerder aangestel om die grond se waarde te bepaal. |

| **5.** | **AFSLUITING** | |
|---|---|---|
| **5.1** | RH het gesê dat al die kommentare in die finale omgewingsimpakstudie ingesluit sal word. Hy het ook versoek dat almal asseblief binne twee weke van ontvangs van die notules daarop kommentaar lewer.<br>Nadat almal bedank is vir hulle bydrae is die vergadering om 11h00 verdaag. | |